higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

6 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYN

1. Indien die nasiener enige besluit namens die kandidaat moet maak, word daar GEEN punte aan die kandidaat toegeken nie.

2. Indien die rekeningkundige beginsel korrek is, moet u die kandidaat NIE meer as een keer vir ’n fout penaliseer nie.

VRAAG 1

1.1 Trek TWEE punte af as die kandidaat NIE tot die naaste rand afrond nie (selfs as daar slegs EEN bedrag is wat NIE afgerond is nie). Waar afronding nie gedoen is nie, kontroleer dat die sente korrek is.

1.2 Trek TWEE punte af indien Tip-Ex gebruik is.

1.3 Moenie die student meer as een keer vir 'n fout penaliseer nie.

VRAAG 2

2.1 Indien GEEN inskrywings in die kasboek gedoen is nie, word GEEN punte vir die totaal van die 'Bank' toegeken nie. As die verkeerde inskrywings gedoen is en die totaal is korrek bereken, trek ’n sirkel om die punt.

2.2 As 'n transaksie op meer as EEN plek geboekstaaf is (byvoorbeeld in die bankrekonsiliasiestaat en die kasboek, of aan albei kante van die kasboek), word GEEN punte toegeken nie.

2.3 As daar ’n bedrag onder 'Ontleding van ontvangste' verskyn, moet u TWEE punte aftrek.

2.4 Indien die besonderhede of die bedrag in die bankrekonsiliasiestaat verkeerd is, moet u GEEN punte toeken nie.

2.5 Maak seker dat die debietsaldo volgens die kasboek, wat in die rekonsiliasie verskyn, wel die kandidaat se eie saldo is.

2.6 Merk die bankkolom aan die debietkant van die kasboek saam met die besonderhedekolom.

2.7 Merk die bankkolom aan die kredietkant van die kasboek saam met die nemer-/begunstigdekolom. Ken GEEN punte toe as die bedrag of die besonderhede verkeerd is nie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 As die kandidaat die bedrag in MEER as EEN kolom ingeskryf het, word GEEN punte toegeken nie.

3.2 As die kandidaat die korrekte bedrag onder 'Diverse rekeninge' ingeskryf het, maar sy/hy het die bedrag in die verkeerde kolom ingevul, word GEEN punte toegeken nie.

3.3 Indien die transaksies op MEER as EEN plek verskyn (byvoorbeeld in die kleinkasjoernaal, kontantontvangstejoernaal en die kontantbetalingsjoernaal), word GEEN punte toegeken nie.

3.4 Dit moet wees 'kommissie ontvang', 'huurgeld ontvang', 'korting ontvang' (nie kommissie, huurgeld en korting nie), kapitaal (NIE kapitaalbydrae nie), en so meer; andersins word GEEN punte toegeken as daar nie hieraan voldoen is nie.

3.5 Merk die 'Ontleding van ontvangste'-kolom tesame met die 'Besonderhede'-kolom in die kontantontvangstejoernaal. GEEN punte word toegeken as daar nie hieraan voldoen is nie.

3.6 Merk die 'Bank'-kolom tesame met die 'Nemer'-kolom in die kontantbetalingsjoernaal. GEEN punte word toegeken as daar nie hieraan voldoen is nie.

3.7 Merk die 'Besonderhede'-kolom tesame met die 'Totale'-kolom in die kleinkasjoernaal. GEEN punte word toegeken as daar nie hieraan voldoen is nie.

3.8 Indien een van die folionommers in die kleinkasrekening uitgelaat is of verkeerd is, trek EEN punt af.

3.9 Merk die 'Besonderhede'-kolom tesame met die 'Bedrag'-kolom in die kleinkasrekening.

VRAAG 4

4.1 Ken GEEN punte toe as die bedrag sonder besonderhede verskaf word nie, byvoorbeeld net 700 000. Dit moet 'aankope 700 000' wees.

4.2 Indien die proefbalans heel oorgeskryf is, word GEEN punte toegeken nie.

4.3 Trek TWEE punte af indien die kandidaat die aantekeninge en die balansstaat omgeruil het – inligting wat byvoorbeeld in die balansstaat moet voorkom, word in die aantekeninge verskaf.

4.4 Indien die rekeningnaam/-opskrif nie met die korrekte rekening ooreenstem nie, word GEEN punte toegeken nie. Moet NIE die nasienmetode toepas nie; daar is met ander woorde geen aanpassing nie. Die antwoord moet korrek wees.

VRAAG 1

KAPEPULA FISH MARKET SE LOONJOERNAAL VIR DIE WEEK GEËINDIG 31 JULIE 2017

NAAM	NORMALE TYD			OORTYD			BRUTO LOON	AFTREKKINGS					NETTO LOON	WERKGEWERSBYDRAE		
	TARIEF	URE	BEDRAG	TARIEF	URE	BEDRAG		PENSIOEN-FONDS	MEDIESE FONDS	LBS	WVF	TOTAAL		PENSIOEN-FONDS	WVF	TOTAAL
Bazile	46	45✓	2 070✓	69✓✓	5✓	345✓	2 415✓	176✓	675✓	560✓	21✓	1 432✓	3 847✓	128✓	21✓	149✓
Timbale	48✓✓	35✓	1 680✓	72	6✓	432✓	2 112✓	143✓	900✓	492✓	16✓	1 551✓	3 663✓	104✓	16✓	120✓
							4 527✓	319✓	1 575✓	1 052✓	37✓	2 983✓	7 510✓	232✓	37✓	269✓

[42]

VRAAG 2

2.1 **KAPEPULA FISH MARKET SE KASBOEK SOOS OP 31 JULIE 2017**

DEBIETKANT

DOK.	DAG	BESONDER-HEDE	FOL.	DIVERSE REKENINGE			VERKOPE	DEBITEURE	ONTLEDING VAN ONTVANGSTE	BANK
				BESONDER-HEDE	FOL.	BEDRAG				
	1/7	Saldo	a/b			89 700✓				89 700✓
B/S	31	Ocean Fish (gekanselleerde tjek)		Krediteure-kontrole		86 000✓				86 000✓
		Baccarat						90 700✓		90 700✓
		Alice Bank		Rente op vaste deposito		72 985✓				72 985✓
						248 685✓		90 700✓		339 385✓
		Saldo	a/b			192 895✓				192 895✓

(13)

KREDIETKANT

DOK.	DAG	BEGUNSTIGDE/ NEMER	FOL.	DIVERSE REKENINGE			AANKOPE	KREDITEURE-KONTROLE	ONTTREK-KINGS	BANK
				BESONDER-HEDE	FOL.	BEDRAG				
B/S	30/1	Alice Bank		Bankkoste		4 350✓				4 350✓
		Alice Bank		Rente op oortrokke rekening		2 000✓				2 000✓
		Shoes City							6 000✓	6 000✓
		Eskom		Elektrisiteit		90 300✓				4 020✓
		Cagoule (V/T)								90 300✓
		Vodacom		Debiteurekontrole		42 850✓				42 850✓
		Saldo	o/d			192 895✓				192 895✓
						333 385✓			6 000✓	339 385✓

(16)

2.2 **KAPEPULA FISH MARKET SE BANKREKONSILIASIESTAAT SOOS OP 31 JULIE 2017**

BESONDERHEDE	DEBITEER	KREDITEER
Krediteer saldo soos volgens bankstaat		154 000✓
Kredietdeposito nog nie deur die bank gekrediteer nie		90 000✓
Debiteer die uitstaande tjeks: Nr. 40	23 000✓	
Nr. 41	67 000✓	
Nr. 47	82 990✓	
Krediteer bankfout		178 485✓
Debiteer bankfout	56 600✓	
Debiteer saldo soos volgens kasboek	192 895✓	
	422 485✓	**422 485✓**

(10)
[39]

VRAAG 3

3.1

3.1.1 **KAPEPULA FISH MARKET SE KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – 31 JULIE 2017**

DOK.	DAG	BESON-DERHEDE	FOL.	DIVERSE REKENINGE			VERKOPE	DEBITEURE-KONTROLE	ONTLEDING VAN ONTVANGS-TE	BANK
				BESON-DERHEDE	FOL.	BEDRAG				
200	2	Fish Fetish		Korting ontvang		2 400✓			2 400	2 400✓✓
201	5	Fish and Chips		Kommissie ontvang		3 000✓			3 000	3 000✓✓
CRR	9	Verkope					54 290✓		54 290	54 590✓✓
202	12	Kapepula		Kapitaal		125 000✓			125 000	125 000✓✓
CRR	14	Verkope					245 800✓		245 800	245 800✓✓
203	16	Kapepula		Kapitaal		50 000✓			50 000	50 000✓✓
CRR	20	Verkope					148 150✓		148 150	
204	25	Slayer						972✓	972	
205	31	Kristen						854✓	854	149 976✓✓

(23)

3.1.2 **KAPEPULA FISH MARKET SE KONTANTBETALINGSJOERNAAL – 31 JULIE 2017**

DOK.	DAG	BEGUNS-TIGDE/ NEMER	FOL.	DIVERSEREKENINGE-BESONDERHEDE			AANKOPE	DEBITEURE-KONTROLE	VOERTUIE	BANK
				BESON-DERHEDE	FOL.	BEDRAG				
600	1	Kontant		Kleinkas		9 300✓				9 300✓
601	3	North Munisipaliteit		Water en elektrisiteit		89 200✓				89 200✓
602	6	Redeny Motors							760 000✓	760 000✓
603	7	Totaal		Brandstof		3 450✓				3 450✓
604	9	Ocean Fish Market					29 000✓			29 000✓
605	11	Kontant		Kleinkas		1 586✓				1 586✓
606	16	Portico Fish Traders					112 700✓			112 700✓
607	17	Kontant		Kleinkas		1 000✓				1 000✓
608	21	Canon		Skryfbe-hoeftes		2 800✓				2 800✓
609	23	Scania Trucks							640 985✓	640 985✓
610	24	Atlanta Fishery					42 000✓			42 000✓
611	27	Kontant		Onttrek-kings		2 100✓				2 100✓
611	30	Churchill-stigting		Skenking		45 900✓				45 900✓
613	31	Kontant		Kleinkas		100✓				100✓

(28)

3.1.3 **KAPEPULA FISH MARKET SE KLEINKASJOERNAAL – 31 JULIE 2017**

DAG	BESONDERHEDE	DOK.	TOTAAL	SKRYFBE-HOEFTES	ONTTREK-KINGS	DIVERSE REKENINGE		
						BEDRAG	FOL.	BESONDER-HEDE
4	Koeldrank	011	850✓			850		Verversings OF Diverse uitgawes✓
8	Canon	012	650✓	650✓				
10	Seëls	013	93✓			93		Posgeld
18	Sleutelmaker	014	728✓		728 ✓			
28	Sjokolade vir die eienaar se vrou	015	195✓		195 ✓			
29	Macron	016	170✓			170		Diverse uitgawes✓
			2 686✓	**650**	**923**	**1 113**		

(13)

3.2 **KAPEPULA FISH MARKET SE ALGEMENE GROOTBOEK – 31 JULIE 2017**

BALANSSTAATAFDELING

DT **KLEINKAS** **B9** **KT**

DATUM	BESONDERHEDE	FOL.	BEDRAG	DATUM	BESONDERHEDE	FOL.	BEDRAG
1/7	Bank	KBJ	9 300✓	31/1	Totale betaling	KBJ	2 686✓
11/7	Bank	KBJ	1 586✓		Saldo	o/d	9 300✓
17/7	Bank	KBJ	1 000✓				
31/7	Bank	KBJ	100✓				
			11 986				**11 986**
1/2	Saldo	a/b	9 300✓				

(7)
[71]

VRAAG 4

4.1 **KAPEPULA FISH MARKET SE INKOMSTESTAAT OP 31 JULIE 2017**

Verkope			980 000✓
Min: Koste van verkope:			405 510✓
Handelsvoorraad aan die begin van Julie	64 240✓		
Plus: Aankope	700 000✓		
Plus: Vervoerkoste vir aankope	24 000✓		
Plus: Doeanebelasting	30 000✓		
Voorraad beskikbaar vir gebruik		818 240✓	
Min: Handelsvoorraad aan die einde van Julie/Eindvoorraad		–412 730✓	
Bruto wins			574 490✓
Plus: Ander inkomste:			180 000✓
Huurinkomste	65 000✓		
Rente-inkomste	63 000✓		
Kommissie ontvang	52 000✓		
Bruto inkomste vir die jaar			754 490✓
Bedryfsuitgawes:			576 000✓
Vervoerkoste vir verkope	28 660✓		
Lone en salarisse	530 340✓		
Korting toegestaan	2 100✓		
Lisensies	2 400✓		
Rente betaal	5 500✓		
Skoonmaakmateriaal	4 450✓		
Bankkoste	2 550✓		
Netto wins vir die jaar			178 490✓

(23)

Kopiereg voorbehou

4.2 **KAPEPULA FISH MARKET SE BALANSSTAAT OP 31 JULIE 2017**

	AANTEKENINGE		
Niebedryfsbates			837 860✓
Eiendom, toerusting en voertuie	1	837 860✓	
Bedryfsbates			**472 930**✓
Voorraad	2	412 730✓	
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	3	56 900✓	
Kontant en kontantekwivalente	4	3 300✓	
TOTALE BATES			**1 310 790**✓

(7)

4.3 **AANTEKENINGE**

		DRABEDRAG
1. EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIE		837 860✓
Grond en geboue	232 100✓	
Toerusting	524 000✓	
Voertuie	81 760✓	
2. VOORRAAD		412 730✓
Handelsvoorraad	412 730✓	
3. HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE REKENINGE		56 900✓
Debiteurekontrole	56 900✓	
4. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		3 300✓
Kleinkas	2 540✓	
Los kontant	740✓	
5. KAPITAAL		1 130 990✓
Saldo aan die begin van die jaar	1 021 900✓	
Plus: Netto wins	178 490✓	
	1 200 390✓	
Min: Onttrekkings	–69 400✓	
6. HANDELS- EN ANDER BETAALBARE REKENINGE		75 900✓
Krediteurekontrole	75 900✓	

(18)
[48]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou